education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**EKONOMIE V1**

**SEPTEMBER 2024**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 hours**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.

5. Lees die vrae aandagtig deur.

6. Begin ELKE vraag op ‘n NUWE bladsy.

7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Spaargeld vloei terug in die ekonomie soos … vir besighede.

A staatsbesteding
B beleggings
C invoere
D uitvoere

1.1.2 Die samelewing word ontmoedig om skadelike goedere bekend as ... goedere te gebruik.

A nie-meriete
B algemene
C meriete
D kollektiewe

1.1.3 Die intensiteit van sikliese skommelinge in sakesiklusse word aangedui deur ...

A tendenslyn.
B bewegende gemiddeldes.
C ekstrapolasie.
D amplitude.

1.1.4 'n Verhoging in die prys van die geldeenheid in terme van 'n ander geldeenheid as gevolg van markkragte staan bekend as ...

A devaluasie.
B depresiasie.
C appresiasie.
D revaluasie.

1.1.5 ’n Metode deur die regering om kontantbetalings aan uitvoerders of terugbetalings op invoertariewe en algemene belastingkortings aan te bied.

A Handelsneutraliteit
B Aansporings
C Subsidies
D Invoervervanging

1.1.6 Die landwye regeringsingrypingsplan wat arbeidsintensiewe metodes gebruik en mense vaardighede gee, is die …

A Nasionale Ontwikkelingsplan.
B Nywerheidsbeleid Aksieplan.
C Strategiese Beleggingsprogram.
D Uitgebreide Openbare Werke-program.

1.1.7 Die hoofdoelwit van die Vaardigheidsondersteuningsprogram is om ...

A staatsuitgawes te verminder.
B groter belegging in opleiding aan te moedig.
C vyf miljoen huise te bou.
D die lewenstandaard te verhoog.

1.1.8 Die prys van een land se geldeenheid in terme van 'n ander land se geldeenheid staan bekend as …

A wisselkoers.
B ruilvoet.
C handelsbalans.
D produksieprys. (8 x 2) (16)

1.2 Kies ‘n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 to 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.9 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Geldmark | A 'n Besigheid wat ten volle of gedeeltelik deur die staat besit word en deur 'n openbare owerheid bestuur word |
| 1.2.2 Sloerende aanwyser | B 'n Mark vir korttermyn besparings en lenings |
| 1.2.3 Parastatale | C Nywerhede of besighede behoort nie deurlopende finansiële hulp van die regering nodig te hê nie |
| 1.2.4 Betalingsbalans | D 'n Land se rekord van transaksies met die res van die wêreld oor 'n tydperk |
| 1.2.5 Vryhandel | E Dit verander nie van rigting tot nadat die sakesiklus verander het nie |
| 1.2.6 Nasionale Groeiplan (NGP) | F Word gemeet deur die reële BBP te deel deur die aantal werkers in diens |
| 1.2.7 Mededingendheid | G Die mark sluit die koop en verkoop van buitelandse valuta in |
| 1.2.8 Arbeids-produktiwiteit | H Die doel daarvan is om groei te bevorder, werk te skep en groter gelykheid te skep |
| | I Lidlande stem in tot die verwydering van alle tariewe terwyl handelsbeskerming teen nie-lede gehandhaaf word |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 to 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 Die sektor wat ingesluit moet word sodat die ekonomie as oop beskou kan word.

1.3.2 Die kurwe wat illustreer dat inflasie en werkloosheid 'n stabiele en omgekeerde verhouding het.

1.3.3 Die staat van die regering se beplande uitgawes en verwagte inkomste vir die fiskale jaar.

1.3.4 Produksiekoste per eenheid sal afneem soos die hoeveelheid geproduseerde produkte toeneem.

1.3.5 Die afskaffing van staatsinmenging in handelsvloei aan beide die invoer- en die uitvoerkant.

1.3.6 Aanwysers wat kwessies wat verband hou met menslike welstand oor 'n tydperk monitor. (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE fases van ‘n sakesiklus. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom word onderwys as 'n sosio-ekonomiese reg beskou? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| NASIONALE INKOMSTE REKENINGE VAN SUID-AFRIKA | | |
|---|---|---|
| | **R miljoene** | |
| | **2022** | **2023** |
| Vergoeding van werkers | 2 866 723 | 2 997 505 |
| Netto bedryfsurplus | 1 825 975 | 1 963 249 |
| Vaste kapitaalverbruik | 785 997 | 865 121 |
| **Bruto toegevoegde waarde teen faktorkoste** | **5 478 696** | **5 825 875** |
| | 126 125 | 136 784 |
| | 9 515 | 9 951 |
| **Bruto binnelandse produk teen basiese pryse** | **5 595 306** | **5 952 708** |
| Belasting op produkte | 628 389 | 691 240 |
| MINUS: Subsidies op produkte | 14 909 | 15 398 |
| **Bruto binnelandse produk teen markpryse** | **6 208 786** | **A** |

[Aangepas uit *SARB Kwartaallikse Bulletin*, September 2023]

2.2.1 Watter metode is gebruik om die bruto binnelandse produk te bepaal? (1)

2.2.2 Gee EEN tipe belasting op produkte. (1)

2.2.3 Verduidelik kortliks die term *basiese pryse*. (2)

2.2.4 Verduidelik die impak wat subsidies op produksie sal hê. (2)

2.2.5 Bepaal die waarde van BBP teen markpryse in 2023 **(A)** uit die tabel. Toon AL die berekeninge. (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE 15-JAAR-STRATEGIE WAT SUID-AFRIKA NEGATIEF BEÏNVLOED HET**

Die Sentrum vir Ontwikkeling en Onderneming (SOO) het aangevoer dat die stadige ekonomiese groei en algemene afname in die land toegeskryf kan word aan "slegte beleidskeuses, 'n katastrofiese afname in regeringsprestasie en 'n verwoestende gebrek aan leierskap".

Die SOO het verder maniere geïdentifiseer waarop die regering Suid-Afrika se groeivooruitsigte verwoes het: swak beleid en swak bestuur by Eskom, swak Fiskale beleid, korrupsie, vervalle openbare infrastruktuur en gebrek aan leierskap.

[Aangepas uit: *Businesstech*, 7 Junie 2023]

2.3.1 Identifiseer EEN rede uit die uittreksel hierbo vir mislukking in die openbare sektor. (1)

2.3.2 Gee EEN voorbeeld van infrastruktuur. (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *burokrasie*. (2)

2.3.4 Waarom is swak bestuur by Eskom so 'n groot bedreiging vir die Suid-Afrikaanse ekonomie? (2)

2.3.5 Hoe kan die regering sy hoofdoelwit van ekonomiese groei bereik? (2 x 2) (4)

2.4 Onderskei tussen *endogene benaderings* en *eksogene benaderings* tot sakesiklusse. (2 x 4) (8)

2.5 Analiseer die vermenigvuldigingseffek op nasionale inkome, indien die marginale verbruiksgeneigdheid (MVG) 0,6 is en die belegging met R20 miljoen toeneem. (8)

**[40]**

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE metodes van invoervervanging. (2 x 1) (2)

3.1.2 Wat is die negatiewe impak van verstedeliking op die Suid-Afrikaanse ekonomie? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Aangepas uit: https://www.wsj.com/articles/confessions-of-a-free-trade

3.2.1 Identifiseer 'n internasionale organisasie wat vryhandel aanmoedig. (1)

3.2.2 Noem die ekonomiese term wat verwys na die wêreldwye integrasie van ekonomieë deur handel. (1)


3.2.3 Beskryf kortliks die term *proteksionisme*. (2)

3.2.4 Watter impak sal proteksionisme op die waarde van die rand hê? (2)

3.2.5 Hoe sal verbruikers baat vind by 'n beleid van vryhandel? (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

3.3 Bestudeer die illustrasie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Aangepas uit: https://www.miningweekly.com/article/hard-times-2023-04-07]

3.3.1 Identifiseer 'n instelling wat werk om volhoubare groei en welvaart vir al sy lidlande te bewerkstellig. (1)

3.3.2 Noem die ekonomiese aanwyser wat verwys na uiters swak ekonomiese groei gekombineer met stygende pryse sowel as hoë werkloosheid. (1)

3.3.3 Beskryf kortliks die term *inflasie*. (2)

3.3.4 Waarom word die verbruikersprysindeks as 'n inflasiekoers-aanwyser gebruik? (2)

3.3.5 Hoe gee inflasie aanleiding tot laer ekonomiese groei? (2 x 2) (4)

3.4 Gebruik volsinne om lande in die Noorde met dié in die Suide met betrekking tot uitdagings van globalisering te vergelyk. (2 x 4) (8)

3.5 Evalueer die sukses van AsgiSA as regeringsinisiatief om groei en ontwikkeling te bevorder. (2 x 4) (8)

**[40]**

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem die deelnemers aan 'n tweesektor ekonomie. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoe sal Suid-Afrikaanse produsente baat by uitvoerbevordering? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKA VERMY RESESSIE NET-NET**

Nadat die Suid-Afrikaanse ekonomie in die vierde kwartaal van 2022 gewankel het, het die Suid-Afrikaanse ekonomie in die eerste kwartaal van 2023 met 0,4% uitgebrei, wat 'n resessie net-net vermy het.

Agt van die tien bedrywe het in die eerste kwartaal gegroei, met vervaardiging en finansies, eiendom en besigheidsdienste wat baie van die momentum dryf. Aan die negatiewe kant het die landbou skerp afgeneem. Die elektrisiteit-, gas- en waterbedryf het voortgegaan om te sukkel met sy vierde agtereenvolgende kwartaal van afname.

Die vraagkant van die ekonomie het 'n styging in uitvoer geregistreer, gerugsteun deur verhoogde investering en positiewe regerings- sowel as huishoudelike besteding.

Ten spyte van die positiewe BBP-lesing, is die vlak van ekonomiese aktiwiteit steeds 0,7% laer van die onlangse hoogtepunt wat in die derde kwartaal van 2022 bereik is.

[Aangepas uit: *StatsSA*, Junie 2023]

4.2.1 Identifiseer die hoof ekonomiese aanwyser wat gebruik word om die stand van die Suid-Afrikaanse ekonomie te bepaal? (1)

4.2.2 Noem EEN draaipunt in die sakesiklus. (1)


4.2.3 Beskryf kortliks die term *ekonomiese herstel.* (2)

4.2.4 Waarom sal 'n afname in landbou 'n negatiewe uitwerking op die sakesiklus hê? (2)

4.2.5 Hoe kan die regering fiskale beleid gebruik om die sakesiklusskommelinge te stabiliseer? (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die diagram hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**WAAROM GEMEENSKAPPE IN EKONOMIESE ONTWIKKELING BELÊ**




***Hoofbeleide in Suid-Afrika: HOP, GEAR, UOWP, NOP, SEB***

[Aangepas uit: https://caled.org/why-communities-invest-in-economic-development/]

4.3.1 Identifiseer die aspek wat gebruik word om ekonomiese ontwikkeling te meet. (1)

4.3.2 Watter regeringsinisiatief is ingestel om armoede uit te skakel en ongelykheid teen 2030 te verminder? (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die term *ekonomiese groei*. (2)

4.3.4 Watter ekonomiese voordeel sal 'n verbeterde infrastruktuur vir die Suid-Afrikaanse ekonomie inhou? (1 x 2) (2)

4.3.5 Hoe kan die aanbodkantbenadering ekonomiese groei en ontwikkeling in Suid-Afrika verseker? (2 x 2) (4)

4.4 Onderskei tussen *bevolkingsgroei* en *lewensverwagting* as sosiale aanwysers wat met demografie verband hou. (2 x 4) (8)

4.5 Verwys na die Laffer-kurwe en ontleed die verband tussen belastingkoerse en belastinginkomste. (4 x 2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord slegs EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is 'n laerorde-antwoord<br>• 'n Goeie begin is om 'n sleutelkonsep wat in die vraag voorkom, te definieer of te omskryf.<br>• MOENIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE.<br>• MOENIE enige gedeelte van die inleiding by die liggaam insluit NIE.<br>• Vermy dit om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed (Analiseer)/Vergelyk/Evalueer/ Onderskei/Verduidelik/Assesseer/Debatteer<br>**'n Maksimum van 8 punte kan vir opskrifte/voorbeelde toegeken word.**<br><br>**Bykomende gedeelte:** Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/Debatteer/Lei af/Vergelyk/Onderskei/Interpreteer/Hoe?/Stel voor<br>**'n Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.** | Maks. 26<br><br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:<br>• 'n Kort samevatting van wat bespreek is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is<br>• Enige opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>• Bykomende ondersteunende inligting wat die bespreking/ ontleding versterk<br>• 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra<br>• Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in besonderhede die redes vir internasionale handel. (26 punte)
- Ontleed die verskillende maatstawwe wat in Suid-Afrika gebruik word om die betalingsbalans-surplus en -tekort (onewewigtighede) reg te stel. (10 punte)

**[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in besonderhede die Suid-Afrikaanse inisiatiewe in streeksontwikkeling. (26 punte)
- Hoe suksesvol was die regering in die bevordering van nywerheidsontwikkeling in Suid-Afrika? (10 punte)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou